GRATIS INLEIDENDE STORIE

Daaglikse aktiwiteite 4 tot 7 jaar

Voor julle begin:

- Hierdie inleidende storie, van hoe Loebi onthou toe hy uit die eier gekom het, is verwerk vir al die ouderdomsgroepe**. In die klubpakkette sal daar 12 verskillende stories vir elkeen van die vyf ouderdomsgroepe wees wat vir jou kind se ouderdomsvlak geskik is. (60 stories altesame)**
- Hierdie is slegs **voorbeelde van aktiwiteite**, om jou 'n idee te gee van hoe jou pakket gaan lyk.
- Hierdie voorbeeld-aktiwiteite is nie tema-gefokus nie.
- Jou pakkette se aktiwiteite en stories sal wel tema-gefokus wees en sal sentreer om die volgende temas:
    - Tema1 – Wie is ek?
    - Tema 2 – Huis
    - Tema 3 – My familie
    - Tema 4 – My omgewing
    - Tema 5 – Diere
    - Tema 6 – Beroepe
    - Tema 7- Feeste
    - Tema 8 – Vervoer
    - Tema 9 – Plekke
    - Tema 10 – Speelgoed/Verhoudinge
    - Tema 11 – Verbeelding/Kreatiwiteit
    - Tema 12 – Vaardighede.
- Lees eers die storie vir jou kind. Dis 'n bekendmaking-storie van waar Loebi vandaan gekom het. Wys vir hom op ons webwerf hoe Loebi uit die eier kom!
- Slegs **2 weke** se aktiwiteite word hier gegee. **In jou pakket ontvang jy 4 weke se aktiwiteite.**
- Die verwysing na die kind se geslag word afgewissel met sy en hy.
- Kyk voor die tyd na alles wat julle vir 'n spesifieke les gaan nodig hê en kry alles reg sodat jy al jou aandag vir jou kind kan gee. Onderbrekings kan dalk sy aandag aflei. Indien jy wil, kan jy egter saam met hom die voorbereidings vir die les tref. Dit mag ook dalk van opvoedkundige waarde wees.
- Jy hoef nie elke dag al die voorgestelde aktiwiteite met jou kind te doen nie. Bepaal self die ritme vir julle "werk". Indien jou kind nie geïnteresseerd is nie, los die aktiwiteit vir later.

- Doen aktiwtiteite wanneer jou kind rustig is en daar niks is wat sy/haar aandag aflei nie.
- Wanneer jou kind met iets sukkel, help hom/haar. Probeer dan weer daardie aktiwiteit die volgende dag doen. Dus gaan jy dalk party dae se aktiwiteite in twee dae opdeel, of in ’n oggend- en middag-aktiwiteit.
- Prys jou kind wanneer hy/sy probeer om die aktiwiteite te doen.
- Moenie skrik as jou kind sukkel met van die aktiwiteite nie. Dis waarom jy daar is om hom/haar te begelei. Indien iets werklik te moeilik is, bêre dit en probeer dit weer na ’n maand of twee.
- Die leerhulpmiddels en werkskaarte kan weer en weer gebruik en herhaal word. Druk sommer ’n paar van elkeen uit. Die Loebi prentjie word telkens gegee om aan te dui wanneer ’n leerhulpmiddel gebruik word.
- Die sterretjie word aan die einde van elke dag gegee om die leeruitkomste van daardie dag se aktiwiteite aan te dui. Dus wys dit jou wat jou kind alles die dag geleer het!
- Moenie ongeduldig met jou kind raak nie. Onthou hierdie is veronderstel om pret ook te wees. ’n Kind kan speel-speel geweldig baie kennis opdoen.
- Geniet dit saam met jou kind! Entoesiasme is aansteeklik!
- Indien julle van hierdie inleidende les en aktiwiteite hou, deel dit gerus met julle vriendinne

Week 1

Dag 1: Ontmoet vir Loebi

Lees die Loebi storie en gesels oor die prentjies.

Dag 2: Leer vir Loebi ken

Lees weer die storie en vra dan jou kind die volgende vragies:

1) Wat is die drakie se naam?
2) Dink jy drake bestaan regtig? Het jy al een gesien?
3) Waar bly hy?
4) Kan jy dit ding se naam onthou wat hulle gebruik het om na die aarde te kyk?
5) Hoekom dink jy is die ding se naam die Loebibus-kyker?
6) Waarvoor gebruik hulle die Loebibus-kyker?
7) Wat is Loebi se oupa se naam?

Gee jou kind die Loebi-prentjie om in te kleur.

(Leeruitkomste): Begrip, taal, fyn motoriese ontwikkeling.

Dag 3: Alles oor eiers!

Vra jou kind of hy nog kan onthou toe Loebi in die eier was. Indien hy sukkel om te onthou, lees weer die deel van die storie waar Loebi in die eier was.

Beantwoord die volgende vragies:

1) Hoekom kon Loebi nie iets in die eier sien nie?
2) Hoekom het die lig Loebi se oë seergemaak toe hy uit die eier geklim het?
3) Hoekom het Loebi geskree toe hy uit die eier gekom het? Wat het hy gesoek?
4) Kon sy pappa en mamma en sussie verstaan wat hy sê?
5) Hoekom verstaan hulle nie wat hy sê nie?
6) Kan jy aan diere dink wat eiers lê? (voëltjies, volstruise, krokodille, slange ens)
7)Het jy geweet dat ons hoenders se eiers eet?

Laat jou kind jou help om eiers vir middagete/ontbyt te maak. Wys hom die verskillende manier om eiers gaar te maak.

Begrip, algemene kennis

Dag 4: Snaakse woorde!

Lees weer die Loebi storie (onthou kinders is MAL oor herhaling).

Sê aan jou kind dat daar ‘n paar GROOT en snaakse woorde in die storie is en dat julle vandag gaan leer wat hulle beteken. Hier is die lysie van woorde wat jou kind dalk nie sal ken nie. Vra hom elke keer wat hy dink die woord beteken, voordat jy dit aan hom verduidelik. Dalk verras hy jou!

vergrootglas – indien julle ‘n vergrootglas het, laat jou kind daardeur kyk of kry ’n vergrootglas, indien dit moontlik is. Verduidelik aan hom dat mense klomp instrumente kry wat goed kleiner of groter maak, soos byvoorbeeld:
‘n mikroskoop,
’n teleskoop
’n vêrkyker
en brille!

Kan julle aan nog dink?
Indien jou kind geïnteresseerd is – gee aan hom nog inligting en prentjies. Soek saam op die internet.

Loebibus-kyker (die instrument wat hulle gebruik om na die aarde te kyk)

Drakoteek (die drake se biblioteek) Gesels oor biblioteke en gaan besoek een wanneer julle ‘n kans kry.

beroemde Verduidelik aan jou kind dat mense beroemd word om verskillende redes. Gebruik voorbeelde, indien jy wil.

Doen werkskaart 1

Tegnologie, begrip, navorsing.

Dag 5: Appeltjies!

Vra jou kind of hy kan onthou toe julle gister gepraat het oor al die snaakse woorde in die storie. Sê aan hom dat daar nog een woordjie is wat julle nog nie gedoen het nie. Hierdie woordjie is “melkboom”. Lees weer die gedeelte van die storie waar daar van die melkboom gepraat word.

melkboom - Dit is ‘n boom wat melk dra.

Verduidelik aan jou kind dat ons (natuurlik) nie melkbome het soos Loebi nie, maar ons kry wel bome wat vrugte dra, soos byvoorbeeld ‘n appelboom.

Druk die prentjie van die boom uit en knip die los appeltjies uit. Sit prestik agter op die los appeltjie-kaartjies.

Doen die volgende met jou kind:

Vra jou kind om drie appeltjies aan die boom te sit.

Wanneer hy dit gedoen het, prys hom en vra hom om dan nog 2 appels aan die boom te plak.

As hy dit regkry, prys hom weer.

Vra hom om nou al die appels in die boom te tel.

Verduidelik aan hom dat julle nou ‘n som gemaak het. Skryf die syfers neer terwyl jy verduidelik.

Sê:“Eers was daar 3 appels in die boom”
Skryf ‘n 3 op ’n papier.

Sê:” Toe sit ons nog twee appels by”
Skryf ‘n plus teken en verduidelik aan jou kind dat wanneer mens ietsie by iets sit, soos nou nog 2 appels by die 3 appels, dan skryf ‘n mens ‘n plus. Skryf nou die “2” langs die plus en verduidelik aan jou kind dat dit staan vir die 2 appels wat julle bygesit het.

Skryf nou ‘n “ =” en verduidelik aan jou kind dat wanneer mens nou al die appels bymekaar sit, skryf mens ‘n = .Vra haar om nou weer die appels te tel. Skryf dan die antwoord terwyl jy sê: “Drie plus twee is gelyk aan vyf!”

Verduidelik aan jou kind dat julle nou ‘n som gedoen het. Indien sy belangstel kan jy nog bome uitdruk en haar nog appels te laat teken

Begrip**,** wiskunde, fyn motoriese ontwikkeling.

Dag 6: Skryfwerk!

Begin deur **werkskaart 2** te doen. Wys weer werkskaart 1 vir haar/hom wat sy/hy reeds gedoen het en bespreek weer die lettertjie ‘e’.

Begelei jou kind indien sy/hy sukkel.

Lees, skryf, fyn motoriese ontwikkeling.

Dag 7: Nog skryfwerk!

Wanneer sy werkskaart 2 van gister onder die knie het, doen **werkskaart 3**. Begelei weereens jou kind.

Lees, skryf, fyn motoriese ontwikkeling.

Week 2

Dag 1: Emosies, verbeelding, babas en selfbeeld

Lees slegs die gedeelte van die storie waar Loebi in die eier was. (Begin by: “ ‘n Paar drakejare gelede was ek in ‘n eier!)

Praat weer oor Loebi wat in die eier was.

Vra jou kind vragies:

1) Hoe dink jy het Loebi in die eier gevoel?
2) Hoekom kon hy niks sien nie?
3) Hoe sou jy in die eier gevoel het?
4) Was jy in ‘n eier voor jy gebore was? Nee!
5) Hoe dink jy het dit gevoel toe jy in Mamma se maag was?

6) Wat het jy in Mamma se maag gedoen (jy mag dalk ‘n paar snaakse antwoorde hier kry!)
7) Wys vir jou kind sy/haar baba-album.
8) Gesels met hom en vertel hom dat hy ook soos Loebi melkies gedrink het. Gesels ook vêrder oor babas: wat babas kan doen en nie kan doen nie, en dat dit lank vat voor hulle kan verstaan, loop en praat.
9) Prys jou kind dat hy al so groot is.
10) Noem op wat jou kind al alles kan doen (soos wat jy dit noem moet hy dit ook benoem). Maak eers seker dat jou kind alles kan doen, aangesien die doel van hierdie oefening is om jou kind se selfbeeld te bou.

Jy kan al:

staan
loop
handjies klap
agteruitloop
hardloop
spring
bolmakiesie slaan
eenbeen staan
tot tien tel!

Persoonlike ontwikkeling, die kind se eie geskiedenis (toe hy ’n baba was).

Dag 2: Neste!

Gesels weer oor oor Loebi wat uit ‘n eier gekom het. Vertel aan jou kind dat julle vandag julle eie nessie en eiers gaan maak!

Soek die volgende in die tuin:

takkies
grassies
blare

Maak die kleiresep wat in die leerhulpmiddels gegee word. Gebruik dit om die nessie en die eiers te maak. (Hierdie resep is wonderlik vir speelklei- julle kan dit vir gewone speel ook gebruik. Gooi kleursel by indien julle verskillende kleure wil hê. Bêre in ’n lugdigte houer)

Maak ‘n nessie met die klei. Julle kan dit as basis gebruik en laat jou kind dan die takkies, grassies en blare daarin steek om dit soos ‘n nessie te laat lyk. Rol balletjies vir die eiers.Sit dan die eiers in julle nessie!

Fyn motoriese vaardighede, kreatiwiteit.

Dag 3: Huise!

Gaan kyk weer na die nessie wat julle gister gebou het. Verduidelik aan jou kind dat die nessie die voëltjie se huisie is.

Gesels met jou kind oor julle huis. Vra op watter maniere julle huis anders lyk as ander huise.

Gaan soek prentjies van verskillende huise.

Laat jou kind ‘n prentjie van julle huis teken.

Vra aan jou kind hoekom dink hy bly julle in ‘n huis?
Moedig haar aan met vrae soos: “Wat sal gebeur as ons nie in ‘n huis bly nie? Waar sal jy slaap? Wat doen jy as dit reën?”

Jy kan selfs vertel dat die mense lank-lank gelede nie in huise gebly nie, maar in grotte, om hulle teen die wind en die weer te beskerm.

Sê aan jou kind dat mense in ander lande partykeer in ander soort huise bly, soos byvoorbeeld die Eskimo’s wat in iglo’s bly, wat van ysblokke gemaak is.

Verduidelik meer en gee en soek nog inligting indien sy geïnteresseerd is.

Aardrykskunde, dink en redeneer.

Dag 4: Vorms

Lees weer die begin van Loebi se storie. Lê die klem op die gedeelte van die storie waar Loebi sê hy maak ’n kruisie om aan te dui waar hy is en waar hy ’n ovaal om die Loebibus-kyker getrek het.

Vra jou kind of hy weet hoe ’n kruisie lyk. Wys hom die prentjie.

Laat hy ’n kruisie op ’n papier teken.

Wys hom/haar die vormkaart. Kyk of jou kind almal kan benoem. Indien hy nie weet nie, sê vir hom die name.

Vorms (wiskunde) en simbole.

Dag 5: Nog vorms

Kyk weer na die vormkaart. Kyk of jou kind vandag die vorms kan onthou wat sy gister geleer het.

Doen werkskaart 4

Vorms (wiskunde) en simbole

Dag 6: Vormprentjies!

Druk die vormbladsy uit (die bladsy met die los vormpies op) op dikkerige papier en/of lamineer, dit indien moontlik (Dis nie nodig nie- dit werk net lekkerder!)

Knip al die vorms uit. Gee dit vir jou kind en vra haar om haar eie prentjie met die vorms te maak. Jy kan prestik agter op die vormpies plak – op hierdie manier kan julle dit weer en weer gebruik.

As sy sukkel, kan jy haar help met die eerste prentjie.

Laat sy die vorms benoem soos wat sy die prentjie maak.

Vorms (wiskunde) en simbole

Dag 7: Hersiening

Gaan weer deur die werk wat julle in die afgelope twee weke gedoen het, en herhaal die aktiwiteite waarmee jou kind gesukkel het.

Jy kan weer ’n paar werkskaarte uitdruk wat hy kan doen.
Lees weer die storie vir hom as hy dit wil hoor.
Gaan kuier weer vir Loebi op ons webwerf saam met jou kind. Laat jou kind die gesprek lei en gesels waaroor hy wil.

Dink en redeneer, persoonlike ontwikkeling.